

DIE LASTIGE BURE OP DIE NOORDGREN — II

Martin West was die eerste luitenant-goewerneur van Natal. Ten tye van sy aanstelling in Natal was hy siviele kommissaris van Albanie in die Kaapkolonie, 'n betrekking wat hy sedert 1838 beklee het.¹ Theophilus Shepstone het in Desember 1845 saam met West na Natal gekom as die eerste diplomatieke agent vir die Bantoe in hierdie gebied. By sy aankoms in Natal het die Diplomatieke Agent dadelik besef dat die Bantoe in die omliggende gebiede 'n bepalende faktor sou wees in die suksesvolle uitvoering van 'n Bantoebeleid vir Natal. Verskeie faktore sou hiertoe aanleiding gee. Ten eerste sou die stroom van Bantoe na Natal 'n ernstige probleem kon skep, veral as gevolg daarvan dat hulle hulle as plakkers oral in Natal vestig. Uit die aard van die saak sou hulle werkloos wees, en aangesien die Bantoe die blankes in Natal aansienlik in getalle oortref het, kon die leeglêry 'n groot gevaar vir die blankes inhou. Ten tweede sou die Natalse regering hom die ontevredenheid en venyn van die opperhoofde in die aangrensende gebiede op die hals kon haal, veral aangesien hulle onderdane die bewind van die blankes bo hulle s'n verkies. Die hele aangeleentheid het die Natalse regering in 'n regstreekse kontak met die opperhoofde gebring.

In sy eerste memorandum in die hoedanigheid as diplomatieke agent in Natal, wat op versoek van West opgestel is, het Shepstone besondere aandag aan die algemene toestand in die grensgebiede gegee.³ Hy het gemeld dat die regeerders op die grense van Natal van nature despoties en eiemagtig van aard is. Panda, die opperhoof van die Zoeloes, kry in hierdie memorandum spesiale vermelding.

Tereg meld Shepstone dat 'n tirannieke bewind op die Natalse grens met so 'n karakter, die bevolkingsgetal van die Bantoe in Natal aansienlik sou beïnvloed, asook die pogings om in hulle behoeftes te voorsien. Shepstone meld verder dat dit geen geheim is dat nog duisende Bantoe hulle meer bevoorregte rasgenote na Natal sal volg nie. Dit is beslis betreurenswaardig om daaraan te dink, meld die Diplomatieke Agent verder, dat 'n meer gematigde regeerder in Zoeloeland aan sy onderdane netso 'n gelukkige verblyfplek kon besorg as wat die Zoeloes in Natal het. Dit is Shepstone se oortuiging dat so 'n regeerder die taak en verantwoordelikheid van die Natalse regering ligter sou kon maak.⁴ Die moontlikheid dat 'n meer gematigde regeringvorm in Zoeloeland in die nabye toekoms kon ontwikkel, was vir hom hoogs onwaarskynlik, veral aangesien die moord en bloedvergieting in Zoeloeland nie in die minste

1. G.H.: High Commissioner for Southern Africa. Despatches. Maitland aan West, 13 Julie 1847.
2. S.V. 18: Maitland aan Hare, 30 Oktober 1845. Vgl. ook C.H.: Colonial Secretary, Cape Town, to Sectr. to Govt., Natal: Montagu aan Moodie, 23 Junie 1846.
3. S.N.A. 1/8/1: Memorandum, Shepstone aan Koloniale Sekretaris, Pietermaritzburg, 26 April 1846. Vgl. ook *Records of the Natal Executive Council*. Natal Nr. 2, 1846-1848, pp. 326-9.
4. S.N.A. 1/8/1: op. cit., p. 14.

aan die afneem was nie. Hoewel in 'n mindere mate, word dieselfde toestand in ander grensgebiede van Natal aangetref.



Sir Theophilus Shepstone.

Shepstone was daarvan oortuig dat dit die Christelike plig van die Natalse regering was om beskerming aan hierdie voortvlugtendes te verleen. Volgens hom sou geen militêre maatreëls ooit die probleem vir Natal kon oplos nie. Slegs 'n inherente en morele hervorming van dié-gene wat vir die onuithoudbare toestand in Natal se buurstate verantwoordelik was, sal die probleem kan oplos.⁵ Oor hierdie aangeleentheid het Shepstone oortuigend van die Kaapse goewerneur en die Natalse luitenant-goewerneur verskil. Hy het waarskynlik geweet dat militêre optrede nie die opperhoofde permanent buite aksie sou stel nie, Vandaar

dan dat hy morele hervorming bepleit. Later sou hy diplomاسie en sy kennis van die Bantoe gebruik om geskille uit die weg te ruim en om 'n goeie verhouding met die buurstate op te bou.

Sir Henry Pottinger, die Kaapse goewerneur, het hom reeds teen die onwenslikheid van die voortdurende instroming van Zoeloes uit Zoeloeland uitgespreek. Hy meld in Julie 1847 in 'n skrywe aan West dat hy alhoewel tot die oortuiging kom dat dit uiters noodsaaklik is om so ver moontlik die invloed van klein stammetjies in Natal te voorkom. Die rede tot so 'n besluit was dat hulle grond beset het wat later effektief deur blanke setlaars bewerk sou kon word. Sy vernaamste rede vir die aanbeveling was egter dat hierdie vlugtelingen „seems sure to involve us in angry and unsatisfactory discussions with their paramount Chiefs, over whose conduct and proceedings we can hardly be said to hold the smallest control.”⁶

Voor die anneksasie van Natal in 1843 was Panda 'n vassal van die Republiek Natalia. West het gevoel dat daar na die anneksasie nog kontak met die Zoeloes behou moet word. Hy het dit as 'n beskermingsmaatreël beskou. Om hierdie rede het hy aan Shepstone opdrag gegee om na 'n geskikte persoon te soek om as Britse Resident na Panda te stuur. Teen Junie 1849 het Shepstone nog nie 'n geskikte persoon vir die betrekking gehad nie. Die Natalse regering was teen hierdie tyd bewus van 'n sterk ontevrede groep onder Panda se mense. 'n Direkte verteenwoordiger in Zoeloeland sou die Natalse regering moontlik op hoogte van sake kon hou ten opsigte van sulke aangeleenthede.

Shepstone het dit goed gevind om 'n memorandum⁷ op te stel oor die hele aangeleentheid. Volgens hom is die betrekking van 'n Britse Resident by die Zoeloes, selfs in normale tye, 'n besonder moeilike verantwoordelikheid. Ten tye van politieke spanning sou die Resident moontlik direk daarby ingetrek kon word. Dit kon gevolglik ook gevaarlik wees vir die goeie verhouding wat hy tussen die twee regerings moet handhaaf. So 'n Resident mag hom ten tye, as gevolg van die Bantoe se temperament, in onmoontlike situasies bevind. Shepstone was van mening dat hoe effektief die Resident hom ook al afsydig van die Zoeloes en hulle gevoelens sal kan hou, die opperhoof tog van hom sal verwag om sy algemene beleid nie vyandiggesind te wees nie. Hy meld dat dit byna seker is dat Panda te alle tye sal probeer om die Britse Resident by enige politieke woelinge en gissings, wat daar ook al mag ontstaan, in te trek.⁸

Ten spyte van Shepstone se pessimistiese siening van die betrekking van 'n Britse Resident by Panda, is John W. Shepstone, die broer van die Diplomatieke Agent, in Augustus 1852 in hierdie pos aangestel. Een van sy belangrikste take as Britse Resident by Panda sou wees om die vervoer

5. Ibid.

6. G.H.: High Commissioner for Southern Africa. Despatches. Pottinger aan West, 15 Julie 1847.

7. C.S.O. 20 (1): Memorandum van Shepstone, 18 Junie 1849. Vgl. ook *South African Archival Records*, Natal Nr. 3. *Records of the Natal Executive Council*, 1849-1852, pp. 152-3.

van beeste tussen die twee gebiede te voorkom. Die Natalse regering het die Bantoe uit Zoeloeland nie belet om Natal binne te kom nie,⁹ mits hulle geen beeste met hulle saamgebring het nie. Hulle moes ook nie skuldig wees aan enige oortreding in Zoeloeland nie, in watter geval hulle onmiddellik aan Panda uitgelewer sou word. Zoeloes wat Natal met beeste binnegegaan het, is toegelaat om in Natal te bly, maar die beeste is na Zoeloeland teruggestuur, aangesien sulke beeste, volgens Bantoereg, die eiendom van die opperhoof was. Ten tye van J. W. Shepstone se aanstelling skryf Benjamin Pine, die luitenant-goewerneur in Natal: „There is no doubt, this will prevent a large number of persons from coming into the District, for although it is doubtless true that many subjects of Panda fly from his country to escape death, yet the larger number of such persons come hither simply for the purpose of being free from control.”¹⁰ Pine, wat reeds 'n besondere kennis van die inboorlinge van Sierra Leone gehad het, het sy beleid teenoor Panda by monde van John Shepstone aan die Zoeloe-opperhoof oorgedra: „My Queen has ordered me not to allow Her subjects under my charge to commit aggression on you. She has also desired me to see that Her people and Her District are not molested. You know your boundaries. I know mine.”¹¹

John Shepstone het sy betrekking as Britse Resident in Zoeloeland vir minder as 'n jaar beklee. In Maart 1853 het hy uit sy betrekking bedank, onder andere as gevolg van ontevredenheid oor sy salaris en diensvoorwaardes. Hy het die heer J. Walmsley van Nonoti gevra om tydelik in sy plek waar te neem, totdat verdere opdragte van die regering ontvang sou word. Walmsley is later dan ook permanent in dié vakante betrekking aangestel.

Teen die einde van 1856 het daar vierduisend Zoeloes om asiel in Natal aansoek gedoen. Hierdie inligting het luitenant-goewerneur Scott op 5 Januarie 1857 verstrekk. Die algemene onsekerheid wat in Zoeloeland geskep is as gevolg van die verwydering tussen Panda en sy seun Cetswayo, was hiervoor verantwoordelik.¹² Op 24 Oktober 1855 het die *Natal Chronicle* 'n ernstige beroep gedoen dat daar konstruktiewe stappe geneem moes word, ten einde hierdie vlugteling na Natal te beperk. Verder vervolg die *Chronicle*: „A proper understanding on this with Panda, might save us from an ultimate invasion, and, in the meantime, preserve a kindly disposition, which we fear, for want of it, is becoming hostile.” Newcastle, die sekretaris vir kolonies, meld tereg dat dit onmoontlik is om hierdie voortdurende invloed van vlugteling in Natal, nie as 'n ernstige bedreiging te sien nie. Vir hom was die enigste weg wat gevolg kan word om die situasie te red, om die vlugteling te dwing om as arbeiders te registreer.¹³ Pine sowel as Scott het instruksies uitgereik

8. C.S.O. 20 (1): op. cit., p. 119.

9. Vgl. in hierdie verband die *Natal Star*, 17 Oktober 1855.

10. G.H. 270: Pine aan Koloniale Sekretaris, 19 Augustus 1852. Soos aangehaal deur Young, L.: *The Native Policy of Benjamin in Natal*, p. 325.

11. G.H. 270, Nr. 67: Boodskap van Pine aan Panda, 3 Mei 1850. Soos aangehaal deur Young, L.: op. cit., p. 323.

waarmee daar gepoog is om beheer oor die vlugteling uit te oefen. Dat daar met hierdie instruksies nie bereik is wat oorspronklik nagestreef is nie, is nie te betwyfel nie.

Daar was in Zoeloeland in die vyftiger jare vele woelinge. In 1857 is Henry Francis Fynn aangewys om toestande in Zoeloeland te ondersoek en daarna 'n verslag op te stel. Na sy ondersoek meld hy dat ofskoon Panda nog leef, alle mag in Zoeloeland in werklikheid in Cetshwayo se hande is.¹⁴ Fynn meld onder andere dat Panda op daardie stadium besig was om met die Transvaalse Boere te heul. Volgens hom het Cetshwayo in 'n groot mate om hierdie rede 'n positiewe houding teenoor die Natalse regering openbaar. Cetshwayo sou dan volgens Fynn gevrees het dat die Boere mag inmeng in die interne sake van Zoeloeland en Panda teen hom sou steun. Cetshwayo sou dan glo gewillig wees om Zoeloeland 'n vassalstaat van Natal te maak.¹⁵

Die Natalse gesant kom ten slotte tot die gevolgtrekking dat die Zoeloes in die algemeen nie ten gunste van die voortsetting van Panda se tirannieke bewind was nie. Hulle sou beslis op hervorming aandring wat aan hulle sekuriteit en besitreg sou waarborg. Baie van die Zoeloes sou dan van opinie wees dat hierdie hervormings alleen deur inmenging van die kant van die Engelse bereik kon word. As gevolg hiervan, so beweer Fynn, was Cetshwayo begerig om in die Engelse se guns te kom.¹⁶

Uit voorafgaande word dan afgelei dat die Zoeloes in die algemeen besonder begerig was om onder die Natalse regering se jurisdiksie geplaas te word.¹⁷ Hulle sou dan ten volle bewus wees van die voordele wat hulle sou kon geniet onder die Natalse regering, veral ten opsigte van sekuriteit en eiendomsreg. Fynn het gemeen dat die tyd ryp was om 'n nuwe beleid ten opsigte van die Zoeloes te formuleer.

Sir George Grey, die Kaapse goewerneur, het egter nie met Fynn saamgestem nie. Die ondervinding wat hy met die Bantoe opgedoen het, laat hom tot heeltemal ander gevolgtrekkings kom.¹⁸ Hy is daarvan oortuig dat Panda sowel as Cetshwayo begerig was om hulle eie belange te bevorder. Hy beskou albei se begeerte om blanke inmenging te verkry ten einde die beskawing van die Zoeloes aan te help, as vals. Grey betwyfel Cetshwayo se voornemens as hy slegs 'n paar maande gelede nog op die mees bloeddorstige wyse sy naasbestaendes om die lewe gebring het, ten einde sy oppergesag in Zoeloeland te verseker.¹⁹ Dit is dan ondenkbaar dat hy so maklik hierdie oppergesag weer aan 'n vreemde bewind ondergeskik sou wil maak.

12. G.H.: Despatches. Received from the Secretary of State for the Colonies (Separate): Newcastle aan Scott, 8 Desember 1862.

13. Ibid.

14. Vgl. Binns, C. T.: *The Last Zulu King*, p. 43. Vgl. ook *South African Archival Records*. Natal Nr. 4. *Records of the Natal Executive Council*, 1853-1856, p. 41.

15. G.H.: High Commissioner for Southern Africa. Despatches. Sir George Grey aan H. Laboucher, 20 Junie 1857.

16. Ibid.

17. Vgl. Binns, C. T.: op. cit., p. 40.

Grey het vervolgens voorgestel dat daar nog drie maande gewag moet word met die formulering van 'n nuwe beleid. Hy is van mening dat die Engelse regering geen reg tot inmenging het indien die Transvalers Panda sou help in sy stryd teen Cetshwayo nie. Inmenging in hierdie aangeleentheid sou volgens hom net nadelige gevolge vir die Engelse regering inhou.²⁰

Dit was vir die bejaarde Panda besonder moeilik om sy seuns te beheer — veral vir Cetshwayo.²¹ Verder het dit ook uitgelek dat die Boere van Utrecht, met die ondersteuning van M. W. Pretorius, in die tweede helfte van 1860 met Panda begin onderhandel het om 'n deel van Zoeloeland te bekom, wat hulle uiteindelik toegang tot die see sou verleen.²² Sir George Grey het hierdie ontwikkelinge op 'n diplomatieke wyse onder Shepstone en Scott se aandag gebring. Kort hierna was die hele Natal dan ook in 'n toestand van spanning en afwagting, aangesien Cetshwayo besig was om 'n groot getal manskappe op die Natalse grens saam te trek. Scott sou in die tweede helfte van 1861 met hierdie probleem te kampe hê.²³

Die spanning in Zoeloeland is veral veroorsaak deur Panda wat in gebreke gebly het om sy opvolger aan te wys.²⁴ Aangesien dit 'n bloot huishoudelike aangeleentheid was, wou die Natalse regering nie inmeng nie. Om sake nog meer te vertroebel, het Panda 'n toegeneentheid teenoor 'n jonger seun van hom, Umtonga, wat hy by een van sy gunsteling vroue gehad het, begin toon.²⁵ Cetshwayo het, toe hy hiervan verneem, Umtonga se moeder vermoor en haar hele kraal uitgewis. Umtonga en Umgidhlawana, twee halfbroers van Cetshwayo, kon betyds na Natal uitwyk. Cetshwayo het die Natalse regering versoek om hierdie twee halfbroers van hom uit te lewer, maar die versoek is nie toegestaan nie.²⁶

In die tussentyd het Panda, wat besonder teneergedruk was as gevolg van die moord op sy gunsteling vrou en die ballingskap waarin sy twee seuns verkeer het, by Shepstone om raad aangeklop.²⁷ Shepstone het hierdie kans om vreedsaam in die aangeleentheid in Zoeloeland in te meng, diplomaties aangegryp.²⁸ Hy het gemeen dat die oomblik nou vir hom aangebreek het om Panda te oorreed om sy opvolger aan te wys. Ook het hy gemeen dat dit die oplaaierende spanning tussen die verskillende

18. G.H.: op. cit.

19. Vgl. ook Binns, C. T.: op. cit.

20. G.H.: High Commissioner for Southern Africa. Despatches. Sir George Grey aan H. Laboucher, 20 Junie 1857.

21. Du Toit, A. E.: *The Cape Frontier. A study of Native Policy with special reference to the years 1847-1866*, Argiefjaarboek, Deel 1, 1954, p. 153.

22. Kruger, D. W.: *Die Weg na die See*, Argiefjaarboek, Jaargang 1, Deel 1. Soos aangehaal deur Du Toit, A. E.: op. cit., p. 153. Vgl. ook Uys, C.: *In the Era of Shepstone*, p. 61 en *South African Archival Records*, Natal Nr. 5, 1856-1859, p. 293.

23. C.O. 48/179: Scott aan Newcastle, D.43, 5 Julie 1861: D.85, 13 Sept. 1861. Soos aangehaal deur Du Toit, A. E.: op. cit., p. 153.

24. Vgl. in hierdie verband 'n boodskap van Panda aan die Luitenant-goewerneur in *South African Archival Records*, Nr. 5. *Records of the Natal Executive Council*, 1856-1859, pp. 135-37.

partye in Zoeloeland sou beëindig. Vanselfsprekend het die spanning ten noorde van die Tugela ook 'n groot bedreiging vir Natal ingehou. Al diegene wat hulle die gramskap van vyandige groepe op die hals gehaal het, het na Natal uitgewyk. Spanning tussen die twee gebiede het as gevolg hiervan toegeneem. Shepstone het in 1861 na Zoeloeland vertrek. Met sy insig in die Bantoe se gewoontes en tradisies het Shepstone daarin geslaag om die gemoedere in Zoeloeland te kalmeer. In die kalmte wat gevolg het, is Cetshwayo as Panda se opvolger aangewys. Hierna het Shepstone verklaar: „The result was quiet to the Zulu country and relief to this Colony (Natal) from continuous apprehension of fresh disturbances.”²⁹ Nie baie lank na hierdie uitlating nie, moes Shepstone Cetshwayo waarsku om meer versigtig in sy hantering van staatsaangelenthede te wees. Die Natalse regering sou nie maklik aanstoot neem deur onverantwoordelike uitlatings nie, maar dit sou in alle gevalle raadsaam wees indien Cetshwayo versigtiger sal optree.³⁰

Die beleid wat die Natalse regering teenoor Zoeloeland gevolg het, was presies die teenoorgestelde as wat deur sir George Grey onderskryf is. Scott het byvoorbeeld slegs twee alternatiewe vir Zoeloeland gesien: tirannie of burgeroorlog. Die laaste moontlikheid het hy as die gevaarlikste beskou en om daardie rede die mag in die hande van die sterkste persoon, Cetshwayo, geplaas. As burgeroorlog sou uitbreek, sou die mag in elk geval in sy hande gewees het.

Shepstone was skaars in Pietermaritzburg teen die einde van Junie 1861 terug toe hy berig ontvang van 'n saamtrek onder leiding van Cetshwayo net anderkant die Tugela. Hierdie saamtrek het geskied met die oog op 'n koninklike jagtog. Panda het die Natalse regering egter gewaarsku, aangesien hy bevrees was vir die lewens van sy twee seuns wat in Natal skuiling gesoek het. Die inwoners van Natal was paniekbevange en Scott het haastig om hulp by die Kaapkolonie aangeklop. Cetshwayo het ontdek dat hy deur sy vader verraaï is en terselfdertyd by die Natalse regering in 'n slegte lig gestel is. Hierop het die Zoelootroonopvolger onverwyld aan Shepstone die versekering van sy vreedsame bedoelings gegee.³¹

Hierdie gebeure was vir sir George Grey 'n bevestiging dat Zoeloeland eerder onderverdeel moes gewees het in plaas van die gebied te konsolideer. Hy wou gehad het dat daar met Zoeloeland dieselfde gedoen

25. Binns, C. T.: op. cit., p. 46.

26. Ibid., p. 47.

27. Vgl. in hierdie verband *South African Records*. Natal Nr. 5. *Records of the Natal Executive Council*, 1856-1859, p. 183. Panda sê: „The Lieutenant-Governor may think that Zululand is mine, but in reality belongs to him, had it not been for his influence I should have dead last year. The great influence in the Zulu country is the British government and it will be responsible for the consequences which may follow the refusal to put the country right when it is asked to do it”.

28. Binns, C. T.: op. cit., p. 48.

29. Ibid., p. 51.

30. S.N.A. 1/8/3: Shepstone aan Dunn, 15 Sept. 1864, pp. 55-6.

moes word as wat hy met Brits-Kaffraria gedoen het. In die Zoeloes van Zoeloeland het hy 'n groot gevaar gesien. Hierdie massa barbare onder Panda het vir hom niks goeds voorspel nie. Ten einde toekomstige struwelinge te voorkom, het hy derhalwe voorgestel dat daar met Panda ooreengekom moet word om Zoeloeland voor sy dood in seksies onder sy verskillende seuns te verdeel.³² Verder moes hy 'n deel van Zoeloeland wat aan Natal grens, aan Natal afstaan. Hierdie gebied sou dan onder Shepstone se toesig geplaas word, waar hy van die Zoeloes onder 'n soortgelyke stelsel as die Bantoe in Brits-Kaffraria kan plaas.

Grey het die Natalse regering daarvan beskuldig dat hy op die Zoeloes 'n regeringstelsel afgeforseer het wat die grootste gedeelte van die Zoeloes nie ten gunste van was nie, insluitende Panda self.³³ 'n Vertroulike verslag wat Shepstone opgestel het insake toestande in Zoeloeland, het Grey daarvan oortuig dat 'n gevaarlike krisis nie alleen Natal bedreig het nie, maar ook die hele suidelike Afrika. Hierdie bedreiging kan volgens hom slegs afgeweer word deur 'n versigtige, maar tog doelgerigte beleid. Hy het Natal in werklikheid as die grens van die Kaapkolonie beskou. Verder het Grey aangevoer dat dit die plig van die hoër beskaafde ras is om wet en orde, asook die beskawing in sy breë vorm en die Christendom in die besonder, aan hulle barbaarse bure oor te dra. Sonder om in hulle moorddadige struwelinge in te meng, moes hulle gehelp word om wet en orde onder hulle te vestig. Hulle moet in alle opsigte opgehef word uit die toestand waarin hulle leef, aldus Grey.

Daar was dus 'n groot verskil tussen die Bantoebeleid van Natal en dié van die Kaapkolonie. Grey wou die mag van die stamhoofde neutraliseer, asook die houvas wat hulle op hulle stamgenote gehad het. Dit was 'n beleid van verdeel en regeer, gepaard met die invoer van blanke en ander beskawingsmiddels. Alles moes afstuur op die integrering van die Bantoe.

Op 18 Oktober is Panda in sy Nodwengu-kraal oorlede. Alhoewel hy vir 'n geruime tyd baie ongesteld was, is die hele aangeleentheid streng geheim gehou. Hy was selfs ook 'n geruime tyd reeds oorlede alvorens die Zoeloes dit amptelik te hore gekom het.³⁴ Die versoek dat Shepstone Cetchwayo as nuwe opperhoof van die Zoeloes moet kom insweer, het hy in die breë sin verwelkom: „This is a very practical exhibition of Confidence in the Government of Natal,” verklaar Shepstone, „and at the same time affords it an opportunity of acquiring a good deal of additional influence and real power not only over the Zulus, but over all other Native powers of South Eastern Africa for the power of Controlling all the rest.”³⁵

Verder meld Shepstone dat hierdie geleentheid wat die Natalse regering gebied word, hulle onder andere ook daartoe in staat sal stel om die fondament te lê vir 'n stroom arbeiders uit Zoeloeland. Arbeiders sou 'n

31. Uys, C.: op. cit., p. 65. Vgl. ook Du Toit, A. E.: op. cit., p. 157.

32. Du Toit, A. E.: op. cit., p. 153.

33. Uys, C.: op. cit., p. 64.

veilige terugreis na Zoeloeland gewaarborg word, wanneer hulle met hulle verdienste na hulle tuistes terugkeer. Die Natalse regering sou in 'n baie groot mate ook daartoe in staat gestel word om die buitelandse beleid van Zoeloeland te beïnvloed. Verder word die moontlikheid ook gebieë om die interne bloedvergieting, wat in Zoeloeland so 'n alledaagse verskynsel geword het, aansienlik te bekamp. Volgens Shepstone kan die Engelse regering so 'n geleentheid nie deur hulle vingers laat glip nie.

Shepstone se besoek aan Zoeloeland ten einde Cetshwayo as opperhoof in te sweer, is 'n aansienlike tyd uitgestel. Natal het eers gewag op die koms van sy nuwe uitvoerende amptenaar, sir Benjamin Pine.³⁶ Pine het na sy aankoms onmiddellik reëlings getref om Shepstone na Zoeloeland te stuur. Hy het gevoel dat so 'n belangrike seremonie so indrukwekkend moontlik gemaak moet word, ten einde die Zoeloes daarvan te verseker dat die Britse regering besonder belangstel in hulle welvaart.³⁷ Aangesien die hele aangeleentheid dringend was, is die voorbereidings onverwyld getref en die nuus van Shepstone se koms is onmiddellik na Zoeloeland gestuur. 'n Paar dae later het 'n indrukwekkende optog na Zoeloeland vertrek. Die militêre geleide onder aanvoering van majoor Giles het uit 110 offisiere en manskappe bestaan. Saam met hulle het ook driehonderd Bantoe gegaan onder leiding van hulle verskeie hoofmanne. Op 8 Augustus 1873 het die optog Zoeloeland binnegegaan.

Drie dae voor die plegtigheid het Shepstone Cetshwayo vir samesprekings ontmoet.³⁸ Van sy leidende hoofmanne het die Zoeloe-prins vergesel. Vir vyf uur lank het hulle beraadslaag. Die Zoeloes het begeer dat die verhouding tussen die Natalse regering en dié van Zoeloeland, nie alleen soos in die verlede voortgesit en gehandhaaf moet word nie, maar dat dit selfs nog meer hartlik en vertroulik moet wees. Shepstone het ten tye van die samesprekings nuwe wette voorgestel wat dan by die kroningsplegtigheid afgekondig sou word. Na 'n lang bespreking is hierdie wette deur die Zoeloes aanvaar. Die dispuut tussen die Zoeloes en die Boere is in besonderhede bespreek, en daar is besluit dat die Natalse regering so spoedig moontlik aandag aan dié saak sou gee.

Op 1 September 1873 het Shepstone Cetshwayo as opperhoof van die Zoeloes ingesweer. In perfekte Zoeloe het hy die aanwesiges toegesprek en hulle gewys op die belangrikheid en besondere betekenis van die gebeurtenis. Met die entoesiastiese goedkeuring van die raadsmanne het Shepstone die nuwe wette, wat hoofsaaklik daarop gemik was om die tirannieke en onmenslike optrede van die Zoeloe-opperhoof aan bande te lê, aange-

34. Vgl. S.N.A. 1/8/3: Shepstone aan O'Reilly, 9 Desember 1872.

35. G.H.: High Commissioner for Southern Africa. Despatches: Memo. by the Secretary for Native Affairs, 3 Maart 1873.

36. In Februarie 1874 skryf Shepstone: „ . . . it is another of those strange coincidences connected with this matter, that the Lieutenant-Governor who wrote in 1852 so earnestly on the necessity for maintaining the influence of Natal in Zululand, is he who has achieved its most marked consolidation in 1873.” (S.N.A. 1/8/3: Privaat Memorandum van Shepstone, 28 Febr. 1874, p. 88).

37. Binns, C. T.: op. cit., p. 59.

38. Ibid., p. 66.

Met Cetshwayo se bestyging van die Zoeloe-troon is daar vir die Engelse regering nog meer en groter probleme gebore. Theophilus Shepstone, die sekretaris vir Bantoe-aangeleenthede in Natal, het tydens sy regime in Natal daarin geslaag om 'n direkte botsing met Cetshwayo te voorkom. Op 3 Maart 1880 het Hicks Beach, die sekretaris vir kolonies, geskryf: „And in the conduct of Natal's external relations, Sir Theophilus Shepstone, through his influence with Panda and his formidable son, succeeded in postponing for a long time, that struggle with the Zulu Kingdom, which might in earlier days have proved an overwhelming misfortune to the interest of civilization in South Africa.”⁴⁰ Die direkte botsing tussen Cetshwayo en die Engelse regering sou egter nie permanent afgeweer kon word nie. Die botsing wat uiteindelik gekom het, het tot gevolg gehad dat Cetshwayo in die geskiedenis bekend geword het as die laaste opperhoof van die Zoeloes.

Dr. O. Geysler

kondig.³⁹

39. Ibid., p. 70.

40 S.V. 16: Hicks Beach aan Garnet Wolseley, 3 Maart 1880.